Die doop word vanoggend bedien aan Ilani Grobler, baba van Dawie en Marike Grobler. Ons heet graag al hulle familie en vriende welkom. Baie geluk ook aan die oupas en oumas en ook die grootoupa's en grootouma's.

Tema: God is blydskap en Hy maak ons in Christus ook bly!

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps. 105-1: 1, 2
Lied 571: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 100-1: 1, 3
Votum
Seën
Loflied Ps. 95-1: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis uit HK Sondag 19, vr 52

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Deut. 30: 6 - 20;
Sing Ps. 119-2: 14, 19
Gebed

Woorddiens
Doopformulier
Sing Sb. 16-1: 1, 2; (kleuters gaan na hulle bediening)
Skriflesing**:** Matteus 3: 13 - 17 en
Matteus 12: 15 - 21
Teks: Matteus 3: 17
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps. 104-2: 1, 8, 15, 16
Liefdegawes
Sing Ps. 16-3: 3
Seën
Amenlied Sb.13-3.

God is bly en gelukkig!
Dit klink vreemd om so aan God te dink, nê? Blydskap en vreugde is nie een van die eienskappe van God wat baie beklemtoon word nie. Julle sal onthou dat ons by twee vorige kere onsself verdiep het in God se onbeskryflike heerlikheid en koninklike majesteit en ook in sy absolute heiligheid. **Vandag verlustig ons ons in God se vreugde en blydskap!** God is so veelkantig in sy bestaan dat ’n mens elke keer iets anders van Hom in sy heerlike bestaan raaksien.

Wanneer jy die Bybel mooi lees dan word hierdie eienskap van die vreugde en blydskap van God baie duidelik raakgesien. Dawid sing bv. in 1 Kron. 16: 27: “‟Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en vreugde vul die plek waar Hy is.” In Ps. 16 sing die digter ” By U is oorvloedige blydskap”. Eintlik staan daar “ ons word by God versadig met vreugde”!.

En dan lees ons in ons teksverse dat God self sê: Christus is my geliefde seun en Ek is bly oor Hom! Ek het baie vreugde oor my Seun! God is bly!

Geliefde brs en srs en kinders: die blye boodskap vanmore is : God is blydskap en Hy maak ons in Christus ook bly! (herhaal) Ons kan ook baie blydskap en vreugde ervaar!

Kinders: wat is die lekkerste wanneer jy verjaar? Antw.: die geskenk en die lekker partytjie! Die Here sê sy geskenk aan jou is blydskap en Hy wil dat jy jou hele lewe lank partytjie hou!

Kom ons kyk na twee sake:

1. God is blydskap – dit is een van sy wesenskenmerke
2. God maak ons in Christus ook bly.

Brs en srs, blydskap is nie by God net ’n emosie wat kom en gaan nie, soos by ons mense nie! God verloor nooit sy vreugde en blydskap soos ons baie keer ervaar dat ons een oomblik baie bly is en dan die volgende oomblik weer in die diepte van smarte en terneergedruktheid verval nie. Nee, blydskap en vreugde is deel van God se wese! Dit is soos God is – dit is een van sy baie en byna onbeskryflike eienskappe!

God is blydskap en is bly oor baie dinge! Ons lees al van sy ewige vreugde en blydskap in Spreuke 8 waar God die Vader en die Seun dit geniet om die

wêreld te skep! God is bly oor sy skepping en het na elke skeppingsdaad geniet wat Hy gemaak het. Ons lees ook in Ps. 104 dat God die skepping gemaak het om Hom plesier en blydskap te verskaf.

In 1 Timoteus 1: 11 beskryf Paulus ook hierdie eienskap van God waar Hy sê: "Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die **"goeie"** God." Die ou vertaling sê" van die **salige** God" Die Griekse woord wat daar gebruik word is die bekende "makarios" wat so baie keer in Matteus 5 gebruik word: "Salig of gelukkig" Daarom sou ons ook kon sê: "**die evangelie van die heerlikheid van die gelukkige of blye God"!**

Dwarsdeur die Bybel sien ons sovele dinge wat God se blydskap na vore bring. In Deut. 28 lees ons dat God dit geniet om aan sy kinders goed te doen en hf. 30 beskryf dat God bly is oor sy kinders wat Hom getrou dien.

God se grootste blydskap is oor Christus, sy geliefde Seun, wat Hy gestuur het om juis sy blydskap en vreugde aan die vreugdelose wêreld te bring. Die mens het homself van blydskap beroof deur in sonde te val en die Satan geleentheid te gee om sonde in die wêreld te bring. Sonde wat pyn, leed, hartseer en ellende in ons lewe gebring het! Daardie sonde moes Christus kom wegneem sodat ons weer iets van God se blydskap en vreugde kan beleef!

Daarom dat God self, die oomblik toe Christus gedoop word en so met die Heilige Gees toegerus word en aangewys word as die "Saligmaker", dat God as't ware uitbars in vreugde en met 'n donderende stem uit die hemel dit aan die mensdom verkondig! Dit is my Seun – Hy is die Saligmaker! Wat is 'n Saligmaker? Hy is die een wat julle weer bly en gelukkig gaan maak omdat Hy julle van die sonde gaan verlos en aan julle ewige vreugde gaan gee!

Dit is tog immers die vreugdeboodskap wat al reeds in die Ou Testament verkondig is. Ons lees daarvan in Matteus 12 18: "So is vervul wat die Here deur die profeet Jesaja gesê het:18"Hier is my Dienaar wat Ek aangestel het, my Geliefde oor wie Ek My verheug; Ek sal my Gees op Hom laat kom, en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak. 19 Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. 20'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier. 21En op Hom sal die nasies hulle hoop vestig."

Ons teksverse was nie die enigste keer wat God se vreugdestem uit die hemel weerklink het nie. Toe Jesus saam met Petrus, Johannes en Jakobus op die berg van verheerliking was in Matteus 17 dan hoor ons weer dat God uit die hemel sê: "Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom."

God is bly oor Christus wat volkome aan Hom gehoorsaam was en wat met sy lewe hier op aarde weer vreugde in die mens se lewe gebring het! Die vreugde van liefde, genade, genesing, vrede en hoop! God wat ook gelukkig is dat Christus aan sy eis vir die straf op die sonde kon betaal! Dat Hy al ons sonde aan Christus kon straf sodat ons nou gelukkig is en vrede met God kan hê! Dit is tog waaroor die engele met soveel vreugde gesing het met die geboorte van Christus: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde **vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!".**

Dat God nou weer vreugde in die mens kan hê! Vreugde in my en jou, broer en suster! God is weer bly oor ons! Want ook aan ons het Hy in Christus die vreugde van verlossing gegee! Nou kan ons deel wees van 'n lewe van vreugde en blydskap want ons is verlos van ons sonde en ons deel aan God se ewige vreugde!

Dit is waarom daar vreugde in die hemel is as een mens hom af haar tot God bekeer! Dit is waarom Jesus vertel dat die pa van die verlore seun vir hom 'n groot partytjie reël as hy tot inkeer kom en huis toe kom! "Want my kind wat verlore was is weer terug!" **Dit gee God ons Vader soveel vreugde as mense tot bekering kom en Hom dien!**

Dit is waarom Paulus in Rom. 14: 17 sê: "God se koninkryk is 'n saak van vreugde" en in hf 15: 13 bid hy: "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met **alle vreugde en vrede vervul,** sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! **Want vreugde en blydskap is die vrug van die Gees.** Dit is wat God die Heilige Gees ook aan my en jou gee! Dit is 'n gawe van God – dit is iets van God se ewige vreugde en blydskap wat nou ook in my en jou hart kan leef!

Daarom geliefde gemeente, kan en moet ons ook bly wees! Ons as kerk van die Here het soveel rede om bly te wees! Ons deel aan God se genade in Christus! Ons sonde is vergewe en word elke dag vergewe! Ons het die

vreugde van vrede met God! Daar is niks wat ons meer hoef te vrees nie! God skenk ons soveel vreugde in die lewe!

Net soos God kan ons vreugde vind in die skepping – in elke mooi blom en lieflike aanskemering of sonsondergang! Daarom kan ons vreugde vind die geboorte van ʼn baba – ʼn skepping en gawe uit God se hand! Dit is waarom elke pa en ma – soos Dawie en Marike – kan huil van blydskap met die geboorte van ʼn baba!

Ons kan vreugde vind in die huwelik waar God ons liefde gee vir mekaar en waar ons mekaar kan koester. Ons kan vreugde vind in ons kinders en kinders kan bly wees oor ouers wat liefhet en versorg!

Ons het vreugde in mekaar as medegelowiges wanneer die liefde en vrede van God onder ons heers! Ons kan God hier met blydskap kom dien en aanbid! Ons weet ook dat niks in hierdie wêreld ooit weer hierdie vreugde van ons af kan wegneem nie!

Ja, ons kan ook met blydskap sterf! Watter heerlike vreugde en troos is daar om te weet dat jou geliefde by die Here is! Ook by die graf kan daar vreugde en blydskap wees!

Broers en susters, God is blydskap en Hy het ons in Christus ook bly gemaak! Hoekom sien ons dan so min van hierdie vreugde in ons lewe? Is dit dalk omdat ons te veel fokus op die ellende en sonde in ons lewe en te min fokus op God as ons God van blydskap! Ons laat toe dat die Satan sy skaduwee van vrees en sonde en kommer ons gooi en ons hou nie ons oë op God en sien en aanbid Hom as ʼn God van blydskap nie!

Die Here gee ons ook vreugde wanneer ons gehoorsaam aan Hom lewe! Dit is waarom die Here vir Kain gesê het dat hy bedruk geword het omdat hy gesondig het. Ons vreugde lê daarin dat ons die Here se Woord gehoorsaam en ons in Hom en sy genade verbly! Dink aan Ps. 1 en ps. 119.

Daarom geliefdes, kom laat ons die Here met blydskap dien! Kom ons hoor vandag by hierdie doop weer God se stem uit die hemel soos daardie dag by Christus se doop as Hy sê: Dit is my geliefde Seun, in Hom verheug ek my!

Kom ons bekeer ons van ʼn moedelose en vreugdelose lewe en vestig weer ons oë op ons blye en salige God wat ons in Christus bly gemaak

het. Laat ons blydskap ook vir die wêreld duidelik word want ons lewe mos nou met ’n sekere wete van ons verlossing en ons het ’n vaste hoop op die ewige lewe!

Want onthou wat God ons beloof het: dat daar vir ons nog groter vreugde voorlê as wat ons nou kan beleef of kan bedink! **Die groot partytjie kom nog**!

Dit is wat ons in Sondag 19 bely het: Dat Christus weer kom en ons na Hom sal neem in die hemelse blydskap en heerlikheid – die bruilof van die Lam – met vreugde en blydskap wat geen mens nog gesien het nie.

Amen